



### HVS NUUS



Elcarla Jonkers, Brendan Wiid, Chante Coetzee, Sumaritha Steenkamp en Janè Venter.

Me Jonkers kom van Oudtshoorn waar sy aan die HTS Morester gematrikuleer het. Sy het haar B.Ed graad aan die PUK in Ingenieursgrafika en Ontwerp en Besigheidstudies voltooi. Sy gaan Besigheidstudies by Hoër Volkskool aanbied. Sy gaan baie betrokke wees by die kultuur van die skool.

Mnr Wiid kom van Durban af, waar hy sy B.Ed Intermediêre tot Senior Fase aan die Universiteit van KwaZulu Natal voltooi het. Hy gaan English First Additional Language Graad 8 - 10 aanbied. Hy gaan sy gewig by die hokkie ingooi.

Me. Coetzee is 'n oudskolier van Hoër Volkskool en het in 2014 hier gematrikuleer. Sy het haar B.Ed Intermediêre tot Senior Fase voltooi by Kovies. Sy gaan ook baie help met die hokkie en tennis by die skool.

Sumaritha Steenkamp het gematrikuleer aan die Hoërskool Vryburg. Sy het haar B.Ed Honneursgraad voltooi en sy gaan Afrikaans Eerste Taal aanbied vir die FET-fase. Sy gaan baie betrokke wees by die kultuur van die skool.

Janè Venter kom van Bloemfontein af, waar sy ook haar B.Ed Senior en FET-fase voltooi het. Sy gaan haar toespits op veral Toerisme en Verbruikerstudie by die skool. Sy is ook 'n ywerige Netbalafrigter en -skeidsregter.

Hoër Volkskool is baie trots op ons nuwe onderwyserskorps vir 2019. Daar is baie nuwe gesigte in die plek van die oues wat ons verlaat het. Alhoewel ons met swaar harte afskeid geneem het van die oues, is ons baie opgewonde oor die toekoms!

**EENMAAL 'n VOLKSIE, ALTYD 'n VOLKSIE**

## GRAAD 8 NUUS



Hoër Volksskool het hul jaarlikse kamp waar die nuwe Graad 8 leerlinge vir twee dae by die skool in 'n tentedorp kamp, aangebied. Tydens hierdie kamp doen hulle 'n paar spanbou aktiwiteite en leer ook meer van die skool, die skool se geskiedenis,



tradisies en reëls.

Leerlinge neem deel aan aktiwiteite op 'n waterglybaan en Albrecht de Jager besig om in 'n spankompetisie 'n vetkoek van 'n toutjie af te eet sonder om sy hande te gebruik. Dit lyk makliker as wat dit is.

# Trots Volkskool

## SOTTEKONSERT EN SOTTESOKKIE



Victor Dercksen as 'n smurf by die sokkie., tesame met die res van die smurfs wat ook die sokkie bygewoon het.



Maandagoggend, 14 Januarie het die skoolweek begin met 'n Sotte-konsert en is die sottekoning en die sottekoningin aangewys vir die jaar. Hulle is Victor Dercksen as sottekoning en Lynette Truter as sottekoningin.

Die nuwe onderwysers by die skool was nie ontsien nie en moes ook 'n item lewer. Hul het hul uitstekend van hul taak gekwyd en die leerlinge het uit hul mae gelag vir hul toneelspel.

Links: me Jonkers, mnr Wiid, me Coetzee, me Venter en me Steenkamp op die verhoog. Me Steenkamp was 'n onderwyseres en die res was leerlinge en hulle het 'n gewone dag by die skool uitgebeeld.

Baie welkom aan die nuwe personelede en ons hoop die Graad 8-klas van 2019 gaan 'n besondere skoolloopbaan by Hoër Volkskool hê .



## HUIS CRONJÉ



### HUISOUERS — HUIS CRONJÉ

Janine het groot geword in Bloemfontein en het ook 'n rukkie in die platteland gebly. Sy het na haar hoërskoolloopbaan in Bloemfontein studeer. Sy het aanvanklik 'n graad in onderwys behaal, maar die sielkunde het haar meer gefassineer. Sy het dus 'n Honneursgraad in Opvoedkundige Sielkunde behaal en ook hierna haar Meestersgraad in Speltherapie voltooi.

Jaco is oorspronklik van Vanwyksvlei in die Noordkaap. Hy was in Carnarvon op laerskool, maar het sy hoërskoolloopbaan voortgesit by Paarl Boys High in die Paarl. Hy het voorts by Stellenbosch studeer, maar die Westelike Provinsie het hom 'n kontrak aangebied en sy rugbyloopbaan het begin. Jaco het hierna 'n pos aanvaar by die Cheetahs en dis waar hy vir Janine ontmoet het; in 'n Pick 'n Pay in Bloemfontein.

Jaco het intussen ook Springbok Sewes gespeel vir 4 jaar.

Jaco en Janine was lank slegs vriende en hul paadjies het geskei toe Jaco in Italië gaan rugby speel en Janine het in Durbanville gewerk het.

Die koeël was deur die kerk toe Jaco terugkeer uit Europa en hulle het in Johannesburg getrou en gebly, terwyl Jaco vir die Lions gespeel het.

Jaco en Janine het hierna in Rome, Italië gaan woon, asook in Bordeaux in Frankryk.

Met hul terugkeer het Jaco 'n laaste kontrak aanvaar by die Kings in Port-Elizabeth. In 2011 is hul dogtertjie, Zenicke, in Port Elizabeth gebore en in 2015 hul seun, JJ.

Die paartjie het na ag jaar in Port-Elizabeth besluit om die sjarme van die platteland aan te gryp en het in Graaff-Reinet kom woon. Jaco is aangestel as Direkteur van Rugby by Hoër Volkskool en Janine gaan remediëring aanbied by Laer Volkskool.

Hulle is die trotse huisouers van Huis Cronjé en hoop om 'n verskil te maak in die lewe van elke koshuiskind.